

Mutsuku

Izak De Vries

Dis Dinsdagoggend en meneer Ndou is vroeg reeds op. Gister is sy hemp al netjies gewas en gestryk. Hy het ook sy skoene skoongemaak en besluit dat 'n blikkie Kiwi politoer op die lysie gaan wees wat hy vanmiddag gaan koop. Hy stoot-stoot aan die kooltjies onder die kleipotjie en wanneer hy tevrede is dat die pap lekker styf is, krap hy die een helfte in sy bord en die ander helfte in Mutsuku s'n. Eers kry die ou hond 'n vryf tussen die ore, wat die stert so 'n keer of wat laat beweeg, dan word die bord voor hom neergesit. Sommer net te gou is die hond se bord leeg en die ou man kyk half skuldig na die pap wat nog in syne is. Die hond gaan lê weer in die son.

Meneer Ndou se gedagtes draai in die rigting van die botteltjie bier wat hy vanmiddag gaan drink.

Dis nou wel nog lank tot dan, maar 'n bier sit darem ook weer iets in 'n man se maag. En daardie hond staan deesdae al hoe swaarder op. Hy voel skuldig dat daar nie meer is om te gee nie, maar daar is ook soveel monde om te voer ...

Mutsuku voel sy vriend se oë op hom, kyk 'n slag om, en wikkel sy

stert. Hy strek homself weer lank uit om die meeste van die son se hitte op sy grys sye te kry.

“Daardie hond is mos al oud,” het die dokter van die hospitaal die ander dag gesê. Die donker dokter hardloop altyd hier verby. Hy is nie 'n Venda nie en sy aksent sê hy kom uit Engeland. Hy is sommer blink van swartwees. Baie middag hardloop hy hier verby, dan waai hy. Nou die dag het hy gestop en so na Mutsuku gewys en gesê:

“Daardie hond is mos al oud.”

“Ja,” het ou meneer Ndou gelag. “Kyk, sy naam is mos Mutsuku, die Rooi Een, maar ek sal hom een van die dae 'n ander naam moet gee. Hy word al grys, nes ek!”

Die dokter het 'n paar oomblikke so gestaan en kyk. Mutsuku het sy stert gewikkel. Dit het half gelyk asof die slim man nog iets wou sê, maar toe waai hy maar net en hardloop verder.

Meneer Ndou kyk na sy ou vriend, dan na die res van die pap en dink weer aan die bier wat hy vanaand gaan drink. Black Label. 'n Hele dumpie gaan hy koop, net vir homself. Dit is nou al 'n ou ritueel. Pensioendag is ook bierdag in meneer Ndou se sinkkaia. Nou ja: Dan maar nog een happie pap. Dalk het Mutsuku die res meer nodig. Hy kou lank aan die laaste hap wat hy vir homself

afgemeet het en sit dan die res voor die hond se snoet neer. Met 'n effense lag sien die ou man hoe sy vriend se gesig verbaas lyk. Hy kry nooit 'n tweede keer kos nie. Sy eie maag se ligte protes lag hy heeltemal weg wanneer die ou hond gretig die laaste bietjie pap van die bord af lek.

Noudat die tweede bord ook skoon is, word albei gou deeglik gewas. Meneer Ndou moet darem sê dat dit goed is om 'n kraan so naby jou kaia te hê. Hy het eers gehuiwer of hy die plek moes vat hier by die vrou in die agterplaas. Dit is darem erg om elke maand meer as die helfte van jou pensioen weg te gee. Maar, daar waar hy eers gebly het, was daar ook nie water naby nie. En hy moet erken dat dit goed is om nie myle te dra aan jou drinkgoed en wasgoed nie. Bowendien het die vrou self baie monde om te voer en hy het geweet dat hy met die orige geld vir hom en Mutsuku sal kan sorg. Dit is erg as 'n mens begin om jouself te verloor so met die ouderdom en die siekte saam.

Vir oulaas loer die oubasie in die stukkie spieël bo sy bed, druk so 'n bietjie aan sy hoed, en loop na die taxistaanplek.

Dit is 'n jolige rit, want 'n hele paar mense in die taxi gaan pensioen haal. Nou word die sorge van die lewe eers weer 'n bietjie

vergeet. Netnou-netnou loop hulle weer soos ryk mense met note in hulle sakke rond.

Daar by die betaalpunt staan die mense al in die tou. Dis snaaks hoe jy vroeg kan kom, maar daar sal altyd mense wees wat vroeër is. Met die laaste bietjie spaargeld wat hy sommer aan die begin van elke maand wegsit vir hierdie rit, betaal hy die haastige bestuurder en gaan val saam met die ander in die tou in.

Meer as 'n uur gaan verby voor dit amptelik oopmaaktyd is en nog 'n halfuur gaan verby voordat die betaalmense daar opdaag.

Dit vat nog 'n goeie klompie minute voordat die vensters oopgemaak word en mense begin vorentoe druk. Daar is elke oggend so 'n afwagting wanneer jy weet jou sakke bult netnou weer.

Dis nie lank nie, of 'n geraas klink op daar voor. Almal beur nog 'n bietjie vorentoe om te hoor wat aangaan. Baie gou kom die woord met die ry langs af: Hulle sê daar is nie geld nie.

Nou gons dit behoorlik.

Meneer Ndou bid vinnig boontoe dat dit verkeerd is. Dalk kom die geld nog. Dit kan tog nie wees nie! Waar is die geld vir die huur?

Waar is die geld vir die kos wat hy en Mutsuku moet eet? Sonder sy bier kan hy nog gaan, maar hy moet mos eet. En Mutsuku kan nie

avokado's eet soos hy nie. Bowendien: daardie boom dra maar min vrugte en daar is baie honger kinders in die omgewing wat ook maar kom haal. Hulle weet hy het nooit kinders gekry nie, so nou kom maak hulle maar sommer hulle mae vol van sy boom.

Nee, hier kom die mense nou van voor. Hulle loop nie en note tel nie, hulle het net wit papiere by hulle.

Hoe moet ek eet van 'n wit papier wat in my hand is, dink meneer Ndou.

Wanneer hy voor kom, sê die man agter die toonbank nie eens meer wat om te doen nie. Almal weet al teen die tyd hulle kry vandag niks, jy moet eers die wit papier na die hospitaal vat, dan sal hulle dit invul, dan bring jy dit terug, dan doen jy van voor af aansoek. Hy vat die papier by die man en vra: "Hoe lank gaan ons moet wag?"

Die jong man agter die toonbank trek net sy skouers op en probeer 'n wit vorm verby die oubaas druk na die vrou wat volgende in die tou is.

Daar is 'n waterigheid in meneer Ndou se oë wat hy ergerlik afvee met sy deurgewaste sakdoek. Hy is heeltemal stom. Wat nou? In die eerste plek moet hy terugkom by die huis en dis 'n lang ent.

Daar is nie meer geld vir die taxi nie.

Hy skud sy kop soos hy loop. Die Januarieson brand hom tussen sy blaaië. Sy kop is naderhand vol sweet. Iewers langs die pad besef hy dat hy steeds die stuk pappier in sy vuis vashou. Ergerlik klik hy sy tong vir homself. Wat nou as hierdie papier oninvulbaar is teen die tyd dat hy by die hospitaal uitkom?

Dit is al hoogmiddag toe hy by die hospitaal verbystap. Sy huis is nog 'n hele entjie verder. Daar is nou twee gedagtes in sy kop. Hy dink dat dit dalk goed sal wees om die papier gou ingevul te kry, maar hy is al baie moeg en dit sal ook goed wees om koue water te drink en 'n bietjie te sit. Hy wik en weeg, en draai dan maar by die hospitaal in. By die hek weet hulle niks van die papiere af nie, behalwe dat ander al gevra het.

Die tou by buitepasiënte is lank, maar hy is dankbaar vir die skadu'tjie wat dit so 'n bietjie koeler om hom maak. Hy het lank laas so baie gestap.

Die man agter die toonbank sê hy weet van baie ander wat al kom vra het, maar die hospitaal weet nie van die vorms nie. Hy kan 'n nommer kry, dan sal die dokter hom sien as hy wil. Meneer Ndou kyk na die baie gesigte wat passief en geduldig op die bankies en op die grond sit en wag om gesien te word. In 'n hele klompie hande

sien hy wit papiere. Nee, skud hy sy kop. In sy dae, toe hy nog kon, het hy hier in die hospitaal tuingemaak. Hy weet hoe lank hierdie mense nog gaan wag. "Nee," sê hy vir die man. "Ek sal môre vroeg hier wees."

Eers gaan maak hy 'n draai in die toilette. In die ou dae was hulle baie mooi skoon, nou nie meer nie. Hy drink egter maar van die water uit die kraan en begin weer stap.

Doodmoeg kom hy by die huis.

Mutsuku staan stadig op en kom druk sy snoet in die ou man se hand. "Ek weet nie mooi nie," sê die ou man vir die hond. "Party dae wonder ek oor Madiba se regering. Kyk wat maak hulle. Mphephu het nie so gemaak met sy mense nie. Hy was anderste, dis waar. Maar hierdie mense. Hulle kyk nie meer na ons nie."

Versigtig gaan sit die ou man op die bankie. Al is dit warm, bewe sy lyf van die inspanning.

Hy moet aan die slaap geraak het, so met sy rug teen die kaia, want toe hy weer bykom, is die son al aan die ondergaan. Was dit nie vir Mutsuku nie, sou hy nou net 'n avokado gepluk het en geëet het. Hy voel so moeg en sy kop voel sommer swaar. Dis al of daar 'n klip in sy hart kom sit het.

Maar die ou hond lê vir hom en kyk.

Daarom staan hy op en begin weer die vuur aan die gang kry. Vir 'n oomblik dink hy dat daar nie genoeg asem in sy longe gaan wees om die vuur te maak brand nie.

Na 'n paar blase vat dit gelukkig.

Versigtig gooi hy 'n stompie op. Dit tref hom dat hy binnekort weer hout sal moet kry en hy het nie geld om te koop nie. In die ou dae kon jy sommer so gaan kap hier buite jou erf, maar deesdae is daar so min bome oor, jy moet maar betaal as jy nie meer ver kan loop nie.

Hy neem die helfte van die pap wat hy gewoonlik maak en begin dit meng. Mutsuku het darem vanoggend 'n bietjie meer gekry as gewoonlik, troos hy homself toe hy die baie klein bietjie pap presies in twee verdeel.

Daardie nag slaap meneer Ndou vas, maar teen die oggend is dit sy maag wat hom wakker maak. Hy staan dus vroeg op en begin pap kook. Weer kook hy net die helfte en deel dit met Mutsuku wat sukkel om te glo dat ontbyt vanmôre so vroeg voor sy snoet gesit word.

Voor die meeste taxi's nog loop, is hy al by die hospitaal en gaan

staan in die tou by buitepasiënte. 'n Hele klompie ander mense staan ook al daar. Die meeste is oud en heelwat het vorms soos syne in hulle hande. 'n Paar staan op hulle krukke en leun. Ander sit in rolstoele. Geduld. Dis al wat help.

Weer word hulle weggewys. Die dokters het nog geen inligting gekry van hoofkantoor in Pietersburg nie, sê die man agter die toonbank. "Kom volgende week weer terug."

Oor die volgende paar dae pluk meneer Ndou die avokado's groenerig om seker te maak dat hy die kry wat binne bereik is. Die wat te hoog sit en hy nie met sy stok kan afkry nie, moet die kinders en die voëls maar eet.

Die vrou wat sy huisie aan hom verhuur, was baie goed. Sy is gelukkig ook haar geld geweier, so sy sukkel nie met hom nie. Maar sy maak hom ook mooi verstaan dat sy alles soek sodra daar weer geld inkom.

Met die avokado's wat hy in sy eie maag stop, kry Mutsuku darem elke oggend en elke aand 'n bietjie pap. Op die manier sal daar vir albei darem vir 'n rukkie lank kos wees, maar dit grief die ou man om aan homself te erken dat hy sy ou vriend afskeep. Sy eie maag roep elke oggend en elke aand dat daardie pap darem lekker ruik,

maar hy gun hom dit nie. Avokado's is goeie kos.

Daardie Maandag is hy weer by die hospitaal. Hy het swak gevoel en eers laat opgestaan. Mutsuku raak al hoe maerder en dit maak hom baie bekommerd. Gelukkig woon hy naby die hospitaal. Hy weet nie hoe hy sou gemaak het as hy nog op sy ou plek gebly het nie.

Laatslaap is altyd 'n fout, sê hy vir homself, toe hy die enorme hoeveelheid mense sien wat alreeds voor hom toustaan. Gelukkig beweeg die tou verbasend vinnig.

Na omtrent 'n uur beweeg hy in die skaduwee van die gebou in.

Daarna is dit nog so 'n halfuur voor hy gehelp word. Maar ook dit is 'n skim, besef hy toe iemand agter die toonbank vir hom 'n papiertjie gee en sê: "Jy kan eers hierdie dag gesien word. Kom dan terug en moenie laat wees nie."

Hy kyk op die papiertjie. Hy kyk weer: "Maar hier staan ek kan eers April gesien word!" sê hy.

"Ja," sê die vrou. "Kom dan terug."

"Maar dis nou Januarie se pensioen wat ek mis! Dan Februarie, dan Maart ... Dan eers in April ..."

"Ek weet. Gaan nou," sê die vrou.

Dit brand hier agter sy oë. Dis trane, besef hy in sy skaamte. Ek

moet nie nou gaan saf word nie.

Twee dae voor Mutsuku, wat klaar te min kry, geen pap meer sou hê nie, sê die radio hulle moet by die hospitaal gaan pap haal. NTK het geskenk om die armes te help.

Daardie aand eet hy en Mutsuku weer saam. En hy maak weer 'n porsie soos in die dae toe hy nog sy pensioen gekry het.

“Môre sal ek weer 'n bietjie versigtiger wees met my deel,” sê hy vir Mutsuku. “Maar die sak sal darem 'n rukkie kan hou vir jou. Dalk skenk hulle weer.”

Een van die bure se kinders moes dopgehou het toe hy met die sak daar aangeloop kom, want in die middel van die nag is die mense in sy huis. Hulle skop die deur oop en druk 'n sak oor sy gesig. Hy hoor hoe hulle vir Mutsuku slaan. Dan is hulle weg.

Wanneer hy die kers aansteek, is die sak meliemeel weg. Net dit.

En Mutsuku lê en bloei.

Toe hy die ou hond probeer optel, huil Mutsuku. Daarom gooi meneer Ndou maar sy komberse op die vloer en krul styf teen sy getroue vriend vas.

Die volgende dag gaan hy weer na die maatskaplike werker by die hospitaal en vertel wat gebeur het. Al die mieliepap is al uitgedeel,

sê sy.

Hy loop terug en probeer vir Mutsuku stukkies van sy avokado voer, maar dit lyk nie asof die hond veel erg het daaraan nie.

Teen laatoggend vra hy 'n paar van die seuns wat voor sy huis bal skop of hulle nie sal hout bring vir hom in ruil vir die hoe avokado's nie.

Hulle lag net vir hom. Gelukkig maar dat een van die onderwysers daar naby in sy motor sit en die spring toe uit met 'n sambok en slaan links en regs. "Ek gaan kom kyk!" skree hy. "As daar nie vanaand so 'n hoop hout in hierdie erf lê nie, slaan ek julle velle weg! En ek gaan na die boom ook kyk! As daar een avokado weg is, foeter ek julle ook!"

Nie lank nie, toe lê die hoop hout hoër as wat beduie is.

Dankbaar bid hy daardie aand vir die tussenkoms van die onderwyser, want die het kom kyk en sommer 'n sakkie meliemeel ook afgelewer. "Ja," lag die man. "Ek vertel toe mos een van my kollegas hoe ek die jong mense dreig. Hy sê toe vir my van die inbraak. Ek kom kuier weer. Sorg dat jy genoeg eet, ou man. Jy is maer."

"Jy is baie maerder," sê die jong doktertjie by die kliniek vir hom.

“Drink jy jou pille? Jou bloedsuiker is baie hoog!”

Sy lyk soos 'n dogtertjie, die dokter, maar sy help mense. Daarom vra hy ook of hy nie maar antibiotika kan kry nie. Hy voel iets sweer in hom, sê hy vir haar.

Sy kyk en vra uit, maar hy wil nie sê dis vir Mutsuku nie. Die etter loop nou uit die wonde uit.

Uiteindelik gee die doktertjie hom vitamienpille, want, sê sy, dis nie goed om antibiotika te neem as daar nie duidelike tekens is nie.

Hy oorweeg dit vir 'n oomblik om die dokter te vertel van sy vriend, maar besluit om maar die vitamienpille vir hom te probeer ingee.

Die doktertjie praat reg. Hy weet, hy het baie gehoor wat mense praat toe hy nog krag gehad het om daar by die hospitaal te werk.

Maar na drie onrustige nagte lyk Mutsuku baie slegter. Na 'n lang dink kry meneer Ndou 'n goeie plan. Hy gaan soek 'n skerp kantjie aan sy huis se plate en sny sy voorarm vir so vyf sentimeter ver oop.

Hy doop daarna sy vinger in die etter wat uit sy vriend kom en smeer dit deeglik in sy eie wond. Daarna bind hy dit toe.

Twee dae later is daar goeie groen etter op sy arm.

Hy gaan kliniek toe, en kry onmiddellik 'n verwysingsbrief. Die res van die dag sit hy by die hospitaal en kry uiteindelik wel

antibiotika.

Baie tevrede gaan hy terug huis toe en bietjies vir bietjies voer hy dit vir sy hond.

Dit gaan egter nie goed met Mutsuku nie, en toe die onderwyser weer verbykom met 'n sakkie mieliemeel en 'n hele hoender, sê hy 'n groot ding: "Dink jy nie daardie hond wil doodgaan nie?"

"Hy is my vriend," sê meneer Ndou.

Die volgende oggend voel meneer Ndou self siek, maar dwing homself om van die koue hoender te eet. Hy sit ook 'n bordjie voor Mutsuku neer, hoewel hy weet dat die hond dit waarskynlik nie kan eet nie.

Die dag daarna gaan meneer Ndou weer hospitaal toe. Hy voel nou regtig nie goed nie.

Wanneer hy gesien word, vra die dokter: "Kyk, ek sien hulle sê op jou lêr jy het pille gekry. Antibiotika. Drink jy dit? Jy word dan net sieker?"

Meneer Ndou skrik. Dis waar dat sy arm deesdae klop. "Ja," sê hy vir die dokter. "Ek sorg dat daardie pille twee maal 'n dag ingeneem word. So staan dit op die pakkie. Ek kan lees."

Die dokter lyk geskok toe hy die verband afhaal. Hy neem ook

meneer Ndou se suiker. "Ek gaan jou moet opneem," sê hy.

"Nee!" sê meneer Ndou. "Nee! Dit kan nie, my hand is te siek.

Asseblief. Hy sal doodgaan as hy nie versorg word nie! Asseblief nie!

Nee!"

"Maar jy is siek," sê die dokter. "Ek is bang dat jy nog sieker gaan word. As ons jou nie help nie, dan kan jy ook doodgaan. Dit wil ons tog nie hê nie."

Maar hy weier. Die dokter, 'n Ghanees, roep later 'n tolk om te kom uitvind wat regtig fout is. Die ou man se Engels is so goed dat hulle maklik kan kommunikeer, maar hy begin vermoed dat daar iets is wat weggesteek word.

Die Engelse dokter, die een wat hardloop, is in daardie stadium ook in die buitepasiente-afdeling en die ou man roep hom nader toe hy die bekende stem hoor. "Asseblief," sê meneer Ndou vir hom.

"Asseblief, sê vir hierdie dokter van my hond. Sê vir hom dat hy baie oud en baie siek is. Hy het my nodig. Asseblief se vir hom dat ek nie opgeneem kan word nie!"

Die twee dokters gaan weer uit en na 'n tydjie kom albei weer terug.

"Goed," sê die Ghanese dokter vir hom. "Dokter Wilson het vir my verduidelik. Maar jy moet elke tweede dag inkom dat ons jou wond

kan regmaak, en drink asseblief hierdie antibiotika wat ek nou vir jou gaan gee. Dis baie sterk.”

“Dokter Wilson het ook gesê hy sal daar by jou verbyhardloop vanaand, net om te kyk of jy nog gesond is.”

Laat daardie middag, net voor die son sak, spring die Engelse dokter in sy sportklere en draf na meneer Ndou se kaia toe. Op 'n afstand reeds sien hy die kinders om die huis saamdrom en besef iets moet fout wees. Hy versnel sy pas.

Die kinders staan sku weg toe die dokter, wat hulle al ken van sy hardlopery, daar opdaag.

Plat op die grond sit die ou man. Sy kop is kaal en hy huil geluidloos.

Net die trane stroom by sy oë uit, en sy mond is vertrek in uitroepe wat nie uitkom nie.

Op sy skoot lê die ou hond se kop. Die dokter kan sien dat rigor mortis al ingetree het.